

# Kinderharte word bly Briewe aan:

## Redakteur



Op die foto bo 'n groep kinders uitgeneem vir ete by Sanjo's deur die Methodiste Kerk in Heilbron.

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil, gerig aan die redakteur.

Dis dierbaar van Deneysville gemeente, om vandaar af vir ons pakkies koekies te kom oorhandig. Lyk my ook of dit tuisgebak is, dan word dit nog meer gewaardeer. Baie dankie, dit word opreg waardeer. Weet sommer dis met liefde gegee. Geseënde Christusfees word julle toegebid.

Oorgedra deur tannie Heléne Howell.

Wat 'n groot verrassing, het ons te beurt geval, toe ons ouderling/diaken van Moeder-

gemeente 'n mooi groot en gekleurde kartondoos aan ons oorhandig het as Kersgeskenk. Woorde van waardering ontbreek, maar weet dat die dankie kom uit die diepte van die hart en word opreg waardeer. Baie dankie aan elkeen wat hulle deel bygedra het en daarmee bewys dat hulle dit gee omdat hulle omgee en hulle liefde na ons toe oordra. Dit beteken vir ons só baie, en dit het ons harte verbly. 'n Baie Geseënde Christusfees aan u almal. Mag ons opnuut op 25 Desember 2019 die knie buig in aanbidding en uit dankbaarheid.

Tannie Heléne Howell.

## Afsluitingsfunksie saam Gesondheidskomitee

### • Heilbron Kliniek

Aan die einde van 'n jaar met sy uitdagings, hoogtepunte en probleme is die personeel dankbaar teenoor ons Hemelse Vader wat ons versorg, beskerm en voorsien het.

2019 is op 'n vrolike noot afgesluit. Die personeel wil vir die gesondheidskomitee baie dankie sê vir hulle hulp, opofferings, vriendelikheid en optimisme. Dit was vir ons 'n riem onder die hart om te weet daar is iemand wat bereidwillig is om ten alle tye te help.

Op die foto regs van die personeel van Heilbron Kliniek saam met die Gesondheidskomitee.



## Snyman Rekenmeester afsluitingsfunksie

Na 'n suksesvolle jaar by Louise Snyman Rekenmeesters sluit hulle die jaar af op 6 Desember met 'n ete by Spur. Op die foto: Leatitia Mocke, Tharina van Wyngaardt, Elize Breytenbach, Linda Strydom, Louise Snyman en Elize Ferreira.

## Heilbron Kliniek afsluitingsfunksie



Op die foto bo van die personeel van Heilbron Kliniek wat hul afsluitingsfunksie vir die jaar gehou het by die SPUR.